

# Ons Erediens

## NG Gemeente Wonderpark



**Gesinserediens saamgestel deur:**

**Dr. Ernst Endres – 30 Mei 2021**

### VOTUM

Ek het die Here lief,  
want Hy verhoor  
my smeekgebede.  
<sup>2</sup>Hy het na my geluister  
toe ek Hom aangeroop het.  
<sup>3</sup>Bande van die dood het my omsluit,  
doodsangs het my aangegryp,  
ek het benoud en bekommerd geword.  
<sup>4</sup>Toe het ek die Naam van die Here  
aangeroop:  
“Here, red my tog!”  
<sup>5</sup>Die Here is genadig en regverdig,  
ons God ontferm Hom oor ons.  
<sup>6</sup>Die Here beskerm die hulpeloses:  
ek was magteloos,  
maar Hy het my gered.

### SEËNBEDE

<sup>3</sup>Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus,  
<sup>4</sup>wat Homself vir ons sondes gegee het  
om ons te verlos uit hierdie goddelose wêreld en  
so die wil van God ons Vader te volbring.  
<sup>5</sup>Aan God kom die heerlikheid toe tot in alle ewigheid! Amen.

### SKRIFLESING EN GEBED

**Teks:** Hebreërs 2:10 - 18

**Tema:** Opweg na die nuwe wêreld (2)



### **Stormagtige omstandighede:**

Die Joodse gelowiges in Alexandrië het hulle in stormagtige omstandighede bevind en die gevaar het bestaan dat hulle geloofslewe skipbreuk kon lei (Heb 2:1). Van hulle het reeds begin om hulle band met Christus los te maak en terug te keer na hulle Joodse wortels.

### **Groot saligheid (2:5-18)**

Die gelowiges word aangemoedig om nie moed te verloor nie, omdat daar 'n groot saligheid in die toekoms op hulle wag. Die skrywer verwys na die groot saligheid as

- die toekomstige *wêreld*, (2: 5-9),
- die *stad*, waarvan God die ontwerper en bouer is (11:10),
- die hemelse *heimatland* (11:16),
- die opstanding tot 'n *beter lewe* (11:35-37),
- die *ontwankelbare* koninkryk (12:28) en
- vaste *verblyfplek* (13:14).

In Hebreërs 2:10-18 vertel die skrywer *hoe* God sy kinders voorberei vir hierdie nuwe toekoms wat op hulle wag.

## **EXODUS-MOTIEF**

### **1. DIE NUWE EXODUS-VERHAAL: DIE NUWE JOSUA LEI GOD SE KINDERS NA DIE NUWE BELOOFDE LAND: GOD SE SKEPPINGSDOEL. (2:10)**

<sup>10</sup>God, ter wille van wie alles bestaan en deur wie alles ontstaan het, wou baie deel laat kry aan sy heelikheid. En daarom was dit reg dat Hy hulle Leidsman tot die verlossing deur lyding heen tot volmaaktheid sou bring.

<sup>11</sup>Hy wat heilig maak, sowel as die mense wat geheilig word, is almal uit een Vader. Om hierdie rede is Jesus nie skaam om hulle sy broers te noem nie. <sup>12</sup>Hy sê tog:

“Ek sal u Naam aan my broers bekend maak, in die samekoms van die gemeente sal Ek u lof besing.”

<sup>13</sup>Ook sê Hy:

“Ek sal altyd op Hom vertrou.”

En verder:

“Hier is Ek met die kinders wat God My gegee het.”



- **God is die fokuspunt.**  
Alles bestaan ter wille van Hom en alles het deur Hom ontstaan. (2:10)
  - **Skeppingsdoel: heerlikheid. (Exodus motief)**  
God wil baie laat deel kry aan sy heerlikheid. Die skrywer gebruik die agtergrond van die Exodusverhaal om die tog na die nuwe toekoms te beskryf. Soos die Jode uit die land van slawerny bevry is en deur Josua die land van melk en heuning ingelei is, word gelowiges deur hulle “Josua” na die toekomstige wêreld, gevul met heerlikheid, gelei. (2:10)
  - **DIE NUWE MOSES EN JOSUA: JESUS ONS PIONIER EN BAANBREKER.**  
In hierdie gedeelte word spesifiek die naam “Jesus” gebruik, wat na die mensheid van Christus verwys (2:9). Jesus is die Pionier, Baanbreker en Kampioen van die nuwe wêrldorde. Hy lei gelowiges uit die ou wêreld na die toekomstige wêreld, waar ons in die *heerlikheid* van God gaan deel!
- 2. WOESTYNPERIODE. GOD, ONS VADER, IS BESIG OM GELOWIGES VOOR TE BEREI VIR DIE NUWE WÊRELD: GEREED!**
- a) **Die mistieke band tussen Jesus en gelowiges.**  
Daar bestaan ‘n mistieke eenheid tussen Jesus en gelowiges. Hulle het een met die Vader. Gelowiges is *kinders* van God en *broers* en *susters* van Jesus.
  - b) **Die liggaam van Jesus word die finale offer.**  
In die Ou Testament is van verskillende offers gebruik om versoening tussen God en sy kinders te bewerkstellig. Jesus word die finale offer wat deur sy lyding en dood vir almal gesterf het. (2:9).
  - c) **Noodsaaklikheid van heiligmaking.** Hebreërs 12:14  
“Beywer julle vir vrede met alle mense asook vir ‘n heilige lewe, waarsonder niemand die Here sal sien nie. Sorg dat niemand van die genade van God afvallig word nie. Sorg dat daar nie verbittering soos ‘n wortel uitspruit, moeilikheid veroorsaak en baie besmet nie”.
- **Geheilig deur die bloed van Jesus.**  
Die bloed van diereoffers het die reiniging van sondes bewerkstellig. Die bloed van Jesus het sy kinders finaal gereinig van hulle sondes en daarom kan hulle met ‘n skoon gewete voor God staan.



- **Nie skaam.**

Omdat gelowiges gereinig is, is Jesus nie skaam om hulle Sy broers en susters te noem nie, en sal Hy ook eendag hulle name in die raadsale van God aankondig, "hier is die kinders wat God my gegee het." (2:12,13)

**d) Jesus, die sielvolle Helper. (2:16-18)**

"Aangesien hierdie kinders mense van vlees en bloed is, het Hy ook net soos hulle mens geword. Dit het Hy gedoen om deur sy dood dié een wat mag het oor die dood, dit is die duiwel, te vernietig <sup>15</sup>en om hulle wat uit vrees vir die dood hulle hele lewe lank in slawerny was, te bevry.

<sup>16</sup>Dit is duidelik dat dit vir Hom nie om die engele gaan nie, maar om die nageslag van Abraham. <sup>17</sup>Daarom moes Hy in elke opsig aan sy broers gelyk word, sodat Hy 'n barmhartige en getroue Hoëpriester voor God kon wees om die sondes van die volk te versoen. <sup>18</sup>Omdat Hy self versoek is en gely het, kan Hy dié help wat versoek word."

- **Moeisame weg.**

Op die weg na die beloofde land is die kinders van God aan versoekings, lyding en verskillende vorme van swaarkry onderwerp.

- Daar was die versoeking om die band met Jesus los te maak.
- Daar was die versoeking om in bitterheid te verval.
- Daar was die versoeking om in te gee a.g.v. emosionele uitputting.
- Ander het hulle inkomste en eiendomme verloor en
- Sommige het in die tronk beland.

- **Jesus, ons Sielvolle Helper.**

Jesus verstaan en simpatiseer met al hierdie emosies omdat Hy dieselfde pad geloop het:

- **Getsemane:** Hy was ook in doodsang;
- **Lasarus:** Hy was ook hartseer;



- **Woestyn:** Hy is ook deur die duiwel versoek;
- **Kruis:** Hy het ook die gevoel gehad dat sy Vader hom in die steek gelaat het;
- **Pyn:** Hy het ekstreme pyn verduur,
- **Dissipels:** Verwerping van sy vriende beleef;
- **Spot gedryf:** Hy was seergemaak deur kwetsende opmerkings.

**Samevattend.** Die gelowiges in Alexandrië bevind hulle in die stormagtige hawe en die gevaar het bestaan dat hulle geloofslewe skipbreuk kon lei:

- Die skrywer moedig hulle aan om te volhard want Jesus, as hulle Pionier en Baanbreker, is besig om hulle uit die land van slawerny na die land van heerlikheid te lei;
- In hierdie tog is hulle Vader besig om hulle voor te berei vir die beloofde land;
- Op hierdie reis hoef hulle nie meer in vrees vir die dood te leef en word hulle vergesel deur hulle simpatieke Kaptein, Jesus, wat self hierdie pad geloop het.
- Daar wag 'n wonderlike aankoms in die beloofde land wanneer Jesus gaan aankondig, "Hier is Ek met die kinders wat God my gegee het".

### SEËNBEDE:

<sup>6</sup>Bid dat Jerusalem vrede mag hê,  
dat hulle wat hom liefhet,  
rustig mag woon.

<sup>7</sup>Mag daar vrede wees binne jou mure,  
rus in jou wonings.

<sup>8</sup>Ter wille van my broers en my vriende  
wens ek jou vrede toe.

<sup>9</sup>Ter wille van die huis van die Here ons God  
bid ek dat dit met jou goed sal gaan.



## OFFERGAWE

Ons gee nou geleentheid vir julle dankoffer. U as gesin kan met EFT of snapscan betaal.



NG Wonderpark.  
Absa Tjekrekening 1460165489  
Takkode:632005  
Verwysing: Dankoffer

NG Gemeente Wonderpark bied 'n advertensie geleentheid vir besighede op al ons platforms (Facebook, Webblad, Aanlyn en gesins erediens). Vir meer inligting kontak die kerkkantoor:

[kantoor@ngkerkwonderpark.co.za](mailto:kantoor@ngkerkwonderpark.co.za)

**Met trots geborg deur:**



www.thepiecrew.co.za

**THE PIE CREW  
WINMORE**

thepiecrew1@gmail.com  
thepiecrew.winmore@gmail.com

